

Ons stryd en oorwinning

Ons is in 'n stryd gewikkel. Om te sê ek is kind van God beteken dat ons in 'n geestelike geveg is. Die OAV het gepraat van 'n "worstelstryd". As ons die woord ontleed dui dit op 'n stoeigeveg in 'n kryt. In die stoeigeveg is daar twee partye, naamlik gelowiges teenoor Satan. Hierdie geveg is geestelik. Ons kan die vyand (Satan) nie sien nie (die stryd is nie teen vlees en bloed nie). Dit is wat die stryd nog intenser maak. Dit sou maklik gewees het as ons die vyand kon sien. Die stryd is teen die bese magte van die sondige wêreld, teen die bese geeste in die lug. Hierdie vyand is niks anders as Satan en sy trawante (gevalle engele) nie. Elders word ook gepraat daarvan, Ef. 2:2; Joh. 12:31; 2 Kor. 4:4. Satan en sy trawante is deur God neergewerp uit die hemel op die aarde nadat Jesus Christus hom oorwin het. Hulle bepaal hulle juis nou op die kerk van die Here. Wees daarom bedag op die stryd en trek God se volle wapenrusting aan, want Satan loop rond soos 'n brullende leeu en kyk wie hy kan verslind (1 Pet 5:8, 9).

"Soek jou krag in die Here en sy groot mag". Die Heilige Gees gee die opdrag. Die rede is dat die duiwel en sy trawante oorwin is. Satan het Jesus Christus aangevat tot en met die kruis (Joh. 14:30). Die kruis het egter die teken van oordeel geword (Joh. 16:11). Tevergeefs het Satan probeer om Jesus Christus te breek toe Satan uit die hemel gewerp is (Joh. 12:31).

Jesus Christus het nou alle mag in die hemel en op die aarde. God, die Vader, het Jesus Christus verhoog tot aan sy regterhand. Hy regeer, Hy beheer. Hy is "hoog bo alle bese magte en enige ander vorm van gesag..." (Ef. 1:21).

Jesus Christus gee deur sy Heilige Gees vir ons as gelowiges krag om ons in staat te stel om te leef in die oorwinning (Fil. 4:13). Ons is dan deel van die triomftog (oorwinning), omdat ons een is met Christus (2 Kor. 2:14).

Sing: Psalm 68:1

Ds. J.J.J. Erasmus (Volksrust/Vrede)